

30 Mei Handeling 2:1-13

(Teks: 2:4)

Pinkster: Vervulling en verkondiging

Die dag van die Pinksterfees het aangebreek. Eintlik staan daar in die Grieks dat die dag volkome vervul geword het. Die periode tussen Paasfees en Pinkster het vol geword. Hierdie periode word afgerond deur die Pinksterdag. Daardie bepaalde pinkster het ook 'n andersoortige vervulling beteken wat tot gevolg gehad het dat die eerste kerkgangers begin verkondig het

Die Heilige Gees wat gewoonlik onhoorbaar en onsigbaar werk, het sy teenwoordigheid hoorbaar (soos die geluid van 'n stormwind) en sigbaar (soos tonge van vuur) kenbaar gemaak. Hy het almal vervul. Hulle het vol geword van sy besondere teenwoordigheid. Hy was besig om die versekering van die versoeningswerk van Christus in die harte van die gelowiges tot volle rypheid te bring.

Die onmiddellike gevolg van die vervulling met die Gees was dat mense soos bekere wat tot oorloep toe met water gevul is, begin oorloop het. Hulle kon die bewustheid van die groot daad van God nie vir hulleself hou nie, maar het uit die vertrek waar hulle was na buite gestorm en die goeie nuus verkondig aan die mense wat uit nuuskierigheid buite saamgedrom het. Deur die Heilige Gees het hulle dit selfs in die moedertale van die hoorders vertel.

Ons wat werklik vol is van die Heilige Gees kan net nie God se groot daad van genade en verlossing vir onself hou nie. Verkondig die blye boodskap aan almal met wie jy in aanraking kom. Gebruik alle tale wat jy kan bemagtig. Onthou: Jou hartetaal en lyftaal sal almal kan verstaan.

Sing Skrifberyming 14:1 en 2Prof. F.N. Lion-Cachet (Emeritus)